




THATCHERS ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA DEKKERSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Nuusbrief 1/2008
11 Januarie 2008

NUUSBRIEF

NUWE JAARSBOODSKAP



Welkom terug in die Dekbedryf na 'n welverdiende breek. Ek hoop dat elke lid die Feestyd geniet het en uitsien na 'n uitdagende 2008. Volgens die doemprofete sal dit nie maklik wees nie en kan ons, ons weer regmaak vir baie uitdagings.

Nie dat 2007 nie 'n uitdaging was met die tekort aan gras in die noorde en die oorvloed van reën in die suide nie !!

Die deelnemers in die Dekbedryf is van spesiale stofasie en ek glo dat daar baie geleenthede gaan wees vir almal in 2008. Daarom is dit so belangrik dat ons ingelig bly oor wat om ons aangaan en aan die voerpunt bly van verwickelinge.

Geniet die jaar en baie suksesvolle projekte word julle toegewens.

Hoop om almal te sien tydens die Algemene Jaarvergadering en Nasionale Kongres in **Mei** in die skone wynland.

Groete

Abrie Visagie
NASIONALE VOORSITTER

ALGEMENE JAARVERGADERING EN NASIONALE KONGRES UITGESTEL TOT 9 EN 10 MEI 2008

Die tweede Algemene Jaarvergadering en Nasionale Kongres van die Dekkersvereniging van Suid-Afrika word op die pragtige Zeevenwacht wynlandgoed naby Somerset-Wes gehou op Vrydag **9** en Saterdag **10 Mei** 2008. As gevolg van 'n operasie wat ons Uitvoerende Beampte, Elzabie Meintjes moet ondergaan, is daar besluit om die datum aan te skuif.

Daar sal besin moet word of die DVSA homself reg geposisioneer het en of bv die Konstitusie aangepas moet word. Punte onder bespreking sal o.a. die volgende behels:

SANS 10407:2006	Ere- en Gedragskode
Lidmaatskap	Grondwet
Vrywillige akkreditasie / sertifisering	Streeksbeplanning en -aktiwiteite
Opleiding	Finansies
Klagteprosedure	Bemaking
Dissiplinêre optrede	Kontrakte

'n Werkswinkel sal op Vrydag, 9 Mei gehou word waartydens fotos vertoon sal word van veral konstruksie probleme wat in die Bedryf ondervind word en gesprek sal gevoer word om oplossings daarvoor te vind. Sprekers sal ook uitgenooi word en inligting oor die Dekkersbedryf in die buiteland en hoe dit die Bedryf in Suid-Afrika raak en beïnvloed, sal deurgegee word.

Daar is gevind dat té min tyd toegelaat was vir die 2007 Algemene Jaarvergadering. Daarom is besluit dat die volgende AJV op **Saterdag 10 Mei sal plaasvind** en dat die hele oggend daarvoor opsy gesit sal word.

AKKOMMODASIE

Sou u dit so verkies, sal dit moontlik wees om tot Sondag 11 Mei 2008 by Zeevenwacht Country Inn aan te bly. Besprekingsvorme sal by die volgende Nuusbrief aangeheg word.

KOMPETISIE

Ons wil u graag aan die foto kompetisie herinner en sien daarna uit om u inskrywings te ontvang.

Kategorieë

- Mees estetiese struktuur (*Vermeld adres waar dit opgerig is*)
- Grootste (enkel) grasdak (*Vermeld grootte en adres waar dit opgerig is*)
- Vermaaklikste Dekkersfoto/video (*Verskaf besonderhede*)

Die reëls van die kompetisie is soos volg:

- Inskrywings moet die DVSA se kantoor nie later as **25 April 2008** bereik nie
- Nét lede wie se ledegeld vir 2007/8 betaal is, mag deelneem.
- Lede mag vir meer as een kategorie inskryf en daar is geen beperking op die aantal inskrywings per kategorie nie
- Die beoordeling sal tydens die Vrydagaand funksie deur die **aanwesiges** gedoen word.
- Alle inskrywings sal vertoon word
- Inskrywings wat vir 2007 ingestuur is, mag nie weer gebruik word nie

Die pryse wat gewen kan word, sal later bekend gemaak word.

DVSA KANTOOR GESLUIT WEES VANAF MAANDAG 14 TOT 31 JANUARIE 2008.

Korrespondensie wat per e-pos ontvang word, word na die DVSA se Voorsitter en Ondervoorsitter herlei en telefoniese oproepe sal ook deur hulle beantwoord word.

STREEKVERGADERINGS EN VERKIESINGS

Streekvergaderings sal gehou word waartydens nuwe Streekbesture verkies gaan word. Dit sal voor die Algemene Jaarvergadering wat in Mei gehou word, plaasvind.

Mnr Abrie Visagie, (as uittredende Nasionale Voorsitter) sal elke streek gedurende hierdie tyd afsonderlik besoek en beoog om al die belangrike rolspelers in die bonafide Dekkersbedryf (DVSA lede en veral Dekkontrakteurs wat *nié lede is nie*) te ontmoet. Streekkomitees word vriendelik versoek om hierdie Dekkontrakteurs te identifiseer en hul kontakbesonderhede aan die DVSA se kantoor te stuur.

Daar is nog nét streekkomitees gevestig in die Wes-Kaap, OVS, Gauteng, Mpumalanga en Natal. Noord-Kaap word tans by die Vrystaat ingesluit. Omdat afstande so groot is, word **Dekkontrakteurs** aangemoedig om **Dekkontrakteurs** in hul omgewing bymekaar te bring om 'n streek te vorm; veral voor verkiesings moet plaasvind sodat verteenwoordiging vir die nuwe streek op die Nasionale Komitee verkry kan word. **Die Nasionale Voorsitter, mnr Abrie Visagie sal hierdie vergaderings én die verkiesing lei. Deur betyds besonderhede vir die DVSA kantoor deur te gee kan die nodige reëlins getref word.**

- **NEEM ASSEMBLIEF KENNIS DAT:**

Lede wat hulself vir verkiesing tot 'n Streeksbestuur beskikbaar stel, se voltooië lidmaatskap aansoekvorms, bewyse van betaling van R3 000 ledegeld (*geen tjek inbetalings word aanvaar nie*) en die getekende Ere- en Gedragskodes **moet ten minste een (1) week voor die voorgenome vergadering in die DVSA se besit gestel word, sodat keuring deur die Nasionale Komitee betyds gedoen kan word.**

- **PLEK VAN VERGADERING**

U word aangeraai om die plek waar die vergadering gehou gaan word, so te kies dat alle Dekkontrakteurs die vermoë en vrymoedigheid sal hê om dit by te woon.

In die lig van die uitdagings van die nuwe jaar wat die Dekkersbedryf voor die deur lê, is dit van uiterste belang dat ons ledetal versterk word sodat die DVSA met 'n sterk mandaat kan onderhandel ten psigte van aangeleenthede wat tot voordeel is van almal in die Dekkersbedryf. Ons doen dus 'n beroep op u onmisbare ondersteuning.

Vriendelike groete

Abrie Visagie
NASIONALE VOORSITTER

Dekkersvereniging van Suid-Afrika
Posbus 13334
CLUBVIEW
0014

Selfoon	083 283 8429
Faks	086 6409 151
E-pos	admin@sa-thatchers.co.za
Webtuiste	www.sa-thatchers.co.za